Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 21 JAN 2010

'n Hartlike welkom terug aan al ons opvoeders, ander personeel, leerders en ons ouers. Hoop dat u batterye gelaai is en dat u gerat is vir al die uitdagings wat 2010 ons mag bied.

BELANGRIKE KENNISGEWINGS

- **Kleure-atletiekbyeenkoms –**
  Donderdag 21Jan vanaf 14:00
  velditems vir die 0/10 tot 0/13 atlete.
  Vrydag 22 Jan - 07:30 tot 13:30
  Baanitems vir al die leerders.
  Begin met 'n optog op die rugbyveld.
  Byeenkoms vind gedurende skoolure plaas en geen leerder mag voor die tyd huis toe gaan of die terrein verlaat nie.

- **'n Voortrekker- kuieraand in die vorm van 'n bring en braai vind op 26 Januarie om 18:00 op die rugbyveld plaas. Alle ouers en Voortrekkers is baie welkom.**
- **Voortrekker Kommandokamp vind vanaf 29 tot 30 Januarie plaas. Verdere inligting sal vir u deurgegee word.**

- **KWARTAALDATUMS VIR 2009**
  1ste Kwartaal: 13 Jan – 26 Mrt
  2de Kwartaal: 12 April – 09 Junie
  3de Kwartaal: 13 Julie – 23 Sept
  4de Kwartaal: 04 Okt – 10 Des

SKOOLTYE : 2010

Skool begin: 1ste klok - 07:25
2de klok - 07:30

Skool kom uit: Gr 1 : 12:30
Gr 2 : 12:45
Gr 3: 13:15
Gr 4 - 7: 13:30

NB: Geliewe u te vergewis van die nuwe uitkom tye van ons Grondslagfase klasse.

VUL VAN POSTE

Adjunkhoofpos: Die Beheerliggaam het reeds 'n benoeming vir 'n nuwe Adjunkhoof gemaak. Alle dokumente is na die Departement deurgestuur en ons vertrou dat daar eersdaags 'n aanstelling sal wees.

Prinsipaalspos: Die Beheerliggaam vergadering eerskomende Donderdag om 'n kortlys saam te stel. Onderhoude sal DV 28 Januarie 2010 plaasvind. 'n Ernstige poging gaan aangewend word om die nuwe hoof vanaf 1 Maart, maar nie later as 1 April op kantoor te hê. Baie dankie aan mnr. Le Grange wat sy weg oopgesien het om tot dan as waarnemende hoof op te tree.

SPORTDRAG (Maandae en Donderdae)

Aangesien dit nog 'n tydjie gaan neem om die nuwe sportdrag in te faseer, mag 'n leerder die volgende op 'n sportdragdag aantrek:

- Nuwe sporthemp en broek met tekkies en kouse.. of
- Nuwe sporthemp met 'n swart sweetpakbroek, tekkies en kouse.... of
- Die ou sportklere met tekkies en kouse.

FINANSIES

'n Woord van hartlike dank aan al die ouers wat Januarie se skoolfonds reeds betaal het asook diegene wat vir die jaar vooruit betaal het. Baie dankie ook aan alle ouers wat die gedifferensieerde skoolfonds aanvaar en ons daarmee ondersteun het. Nogmaals baie dankie.

Geliewe op die volgende te let asseblief.

1. Die Junie vakansie is baie lank – vanaf 9 Junie tot 13 Julie.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

2. Reël asseblief finansies so dat daardie maande ook betaal word aangesien die skool vaste uitgawes het wat gediens moet word.

3. Daar gaan gewoonlik weekliks ‘n weekbrief uit. Ouers moet asseblief hul kinders daarna vra en dit deeglik lees aangesien dit baie belangrike inligting bevat.

4. Daar sal maandeliks rekeninge uitgestuur word, die afskeurstrokie onderaan die rekening moet asseblief aan die registeronderwyser terugbesorg word. Dit dien slegs as ‘n ontvangserkenning sodat ons verseker kan wees dat ouers wel hul rekeninge ontvang. U word vriendelik versoek om elke maand u rekening deeglik na te gaan. Wanneer direkte of elektroniese betalings gemaak word, moet die kind se naam en van en/of verwysingsnommer vermeld word.

5. Indien ouers kontant saam met hul kinders stuur moet hul seker maak dat die kinders dit wel by die kantoor inbetaal. Ons het al ondervind dat van kontant tot ‘n maand tasse lê. Die maklikste manier is om seker te maak dat u kind die kwitansie vir u gee en dat u dit dan in die huiswerkboek plak.

6. Dit word verkies dat ouers per debietorder betaal, dit bring mee dat die skool heelwat op bankkoste bespaar en dat dit ‘n baie veiliger opsie is wat betref kontant by die skool. Alle debietordervorms moet egter weer voltooi word. Geliewe daarop te let dat debietorders vanaf Februarie tot November van elke jaar aangebied word. Die eerste debietorder sal dus op 2 of 16 Februarie, die datum deur u verkies, van u bankrekening afgaan en die laaste een 2 of 16 November. Januarie se skoolfonds bly dus kontant betaalbaar en verkieslik op die eerste dag waarop die skool heropen.

7. Die skool het ook ‘n volledige webblad by www.psjf.co.za. Al die belangrike inligting is ook daar verkrygbaar.

Na aanleiding van ‘n ouervergadering gehou op 17 September 2009 waarop finansies van die skool bespreek is, is o.a. die volgende voorstelle gemaak, wat ons graag weer onder u aandag bring.

1. Dat elke kind 1 rol toiletpapier maandeliks skool toe bring – indien u u weg oopsien om dit vir ons te doen, sal ons dit baie waardeer.
2. Herwinning – ons het reeds ‘n herwinningsprogram in plek. Ons ontvang graag alle afval wit papier, koeverte is ook goed, alle plastiese bottels, melkbottels moet asseblief uitgespoel word aangesien dit ‘n onaangename reuk veroorsaak, asook alle glasbottels. Daar is houers op die terrein daarvoor aangebring.
3. “Neem ‘n kind aan projek”. Ons heg weer eens vir u ‘n vorm aan indien u aan hierdie projek wil deelneem.

KWYTSKELDING

Kwytskelding word bepaal volgens u bruto inkomste. Nodige vorms is, slegs deur ouer, by die kantoor verkrygbaar.
Aansoeke moet volledig ingehandig word voor of op 31 Januarie 2008. Let asseblief daarop dat beide ouers se inkomste vermeld moet word. Kwytskelding word nie op Nasorggelde gegee nie.

INTERNET BETALINGS

ABSA : Tjekrekening
Rekeningnommer : **470 420 553**
Takkode : 334-134
Vermeld asseblief u kind se rekeningnommer of Naam en Van by verwysing.
Faks bewys van inbetaling, met u kind se naam, van en graad asook rekening-nommer daarop aangedui, aan :
Faks nommer : 051-5220681.

NASORG

Baie welkom terug. Ons hoop u het ‘n heerlike rustyd en feestyd beleef. Nasorg het reeds op 13 Januarie begin. Ons vra vriendelik om u kinders by die klasse te kom haal. Baie welkom aan die nasorg-personeel wat hulle weer eens bereid verklaar het om met hierdie diens aan te gaan. Dit word opreg waardeer.
Ons doen ‘n beroep op ons ouers om nie u kind/kinders later as 17:30 te kom haal nie.
Verdere inligting is gedurende die inligtingsaand reeds aan u deurgegee.

Hiermee doen ons ‘n ernstige beroep op ons ouers om asseblief leerders, wat nie by sport betrokke is nie of wat nie by ons nasorg ingeskakel is nie, nie sonder toesig op die skoolterrein in die middae te laat nie.

Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

Die Broodprojek



Die skool voorsien sedert laas jaar toebroodjies aan 'n groot hoeveelheid kinders by die middag-studie. Baie dankie aan al die mammas wat die projek so getrou ondersteun het met bydraes.

Ons gaan vanjaar voort met die projek, aangesien die behoefte baie groot is. Ons verwelkom enige kontant donasies om daagliks brood en benodigdhede aan te koop. Dit kan in 'n koevert geplaas word met "Broodprojek" aangedui en afgegee word by die klasonderwyser of kantoor.

Baie dankie Petro en Magda by die snoepie wat die maak van die toebroodjies op hul skouers neem. Jul hulp word opreg waardeer!
Baie dankie aan ons dierbare skoolouers vir u ondersteuning.

Baie dankie

Hendriette Slater
083 642 7973 / meritus@lantic.net

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

PREFEKTE KAMP : 2010

Ons prefekte het die afgelope naweek 'n onvergeetlike kamp op die plaas, Strydfontein, van mnr. en mev. Kotze beleef. Hierdie kamp dien as 'n skolingskamp vir 2010. Hulle het 'n paar lekker dinge gedoen wat stadskinders nie meer ken nie, soos byvoorbeeld laternbekruip, kleilatgooi en in 'n plaasdam geswem. Hulle het gesien hoe koeie gemelk word en hoe 'n roomafskeier werk. 'n Paar het selfs probeer om 'n koei te melk. 'n Uurlange staptog in die natuur was beslis 'n hoogtepunt.

Sterkte aan ons prefekte met hulle taak wat voorlê.

Dankie aan die volgende personeel wat ons prefekte na die kamp vergesel het: Mnr. Piet van Vuuren, juf Johanna Roets en tannie Zetta van Vuuren.

NUUS UIT DIE SNOEPIE

Baie welkom en baie dankie aan tannie Petro Benade (0727714849) wat vanjaar weer eens ons snoepie behartig. Dankie vir u moeite om die snoepie omgewing so kindervriendelik te maak. Leerders moet daarop let dat **GEEN LEKKERS VOOR 09:00 VERKOOP GAAN WORD NIE.**

Kospakkies word voorsien teen R15,00.

FIETSPRETTRAP : 13 FEBRUARIE 2010

Ons herinner u graag aan ons jaarlikse fietsprettrap wat op 13 Februarie 2010 plaasvind.

Hiermee word een en almal uitgenooi na hierdie dag wat altyd 'n hoogtepunt op ons kalender is.

Enige navrae kan aan juf. Annatjie by 051-5225951 gerig word.

WOEKERWINSIES

Geliewe daarop te let dat Woekerwinsies vir die Grondslagfase en Senior Primêr voortaan op Vrydae aangebied sal word.

KOSHUISNUUS

Baie welkom aan die begin van 2010 en ons wens u almal 'n wonderlike jaar toe.

Graag wil ons net die volgende reëlings aan u deurgee:

1. **As gevolg van werksverdeling sal mnr. Rudolf Fourie binnekort in die koshuis inwoon en ook as die nuwe koshuishoof optree. Mnr Fourie het ervaring as koshuishoof.**
2. **Kinders mag Sondae met die nodige vooraf reëling inslaap.**
3. **Tans is daar nog plek in die koshuis beskikbaar. Ons wil asseblief 'n beroep op u doen dat indien u van ouers weet wat nog plek vir hul kinders in die koshuis soek, om hulle na ons te verwys.**

Kontak die volgende persone indien u enige navrae het

	Persoon	**Telefoonnommer**
Algemene Koshuisnavrae	Mnr Rudolf Fourie	082 200 9455
Finansies	Mev. Soekie Strachan	051-5225951 (k/u)
Toelatings	Mev Anna-Marie Griessel	051-5225951 (k/u)

Tans is mnr. Chester Meyer en mej. Anchen de Villiers die twee bykomende inwonende personeellede.

BLOKFLUITGROEPE

Blokfluitgroepe begin volgende week op die volgende tye:
Junior Blokfluitgroep: Ma. en Wo. 12:30-13:00
Senior Blokfluitgroep: Ma. en Wo. 13:30-14:00

Weekbrief

Primêre Skool Jim Fouché

PRIMêRE SKOOL JIM FOUCHé

"NEEM 'N KIND AAN"

Graag neem ek deel aan die "Neem 'n Kind aan" projek.
Naam :

.....

Kontakbesonderhede : Tel : .....
Sel : ..... **epos :** .....

Ek onderneem om 'n kind op die volgende wyse te ondersteun :

1. **Betaal van skoolfonds: Ten volle/Gedeeltelik** .....
2. **Betaal van Nasorg : Ten volle/Gedeeltelik** .....
3. **Koop van Skoolklere/Sportklere :** .....
4. **Enige voorstelle van u kant af hoe ons hierdie projek moet hanteer :**

   .....

   .....

   .....

Enige voorstelle kan ook per epos gekommunikeer word : soekie@psjf.co.za

Die Skool is geregistreer by SARS wat ons in staat stel om 'n Belastingsertifikaat vir belastingdoeleindes uit te reik, vir aftrekking met belastingopgawes.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za
www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

SKOOLFONDS Indien volle bedrag voor 31 Januarie 2010 betaal word		AFBETAAL van skoolfonds oor 11 maande Januarie tot November 2010		
KINDERS	**EENMALIG**	**PER JAAR**	**Januarie**	**Februarie tot November**
1	R4725.00	R4895.00	R595.00	R430.00 per maand
2	R9450.00	R9790.00	R1190.00	R860.00 per maand
3	R11 812.50	R12 237.50	R1487.50	R1075.00 per maand
4	R14 175.00	R14 685.00	R1785.00	R1290.00 per maand